Hoërskool Schoonspruit

Ontwerp jou toekoms !

BELEID & PROSEDURE

2025

Inskrywings: Nuwe leerders

BELEID EN PROSEDURE

AFDELING 1

Die ouers/voogde van die leerder wat hierdie dokument onderteken,
neem hiermee kennis van die inhoud van hierdie dokument.

1.1 Ek/ons aanvaar die skool se Visie en Missiestelling en **is bewus dat die voertaal Afrikaans is.**

1.2 Ek/ons erken die skoolreëls en dissiplinêre stelsel, asook die wysigings aan die reëls en dissiplinêre stelsel wat van tyd tot tyd gemaak mag word.

1.3 Ek/ons verstaan en bevestig dat die skoolhoof – of enige persoon daartoe gemagtig – sal optree as *in loco parentis* (in die plek van die ouer) in enige saak gedurende die tyd wat ek/ons kind in die sorg van die skool is.

1.4 Ek/ons verstaan dat hoewel elke moontlike maatreël getref sal word om verlies van of skade aan ’n leerder se klere of toerusting te verhoed, **die skool nie daarvoor verantwoordelik gehou kan word nie.**

1.5 Ek/ons onderneem om die skool te vergoed vir enige skade aan skooleiendom wat deur my/ons kind veroorsaak is.

1.6 Ek/ons onderneem **gesamentlik en afsonderlik om die skoolgeld te betaal en verstaan die volgende:**

- Alle skoolfonds moet verkieslik elektronies van u rekening verhaal word.
- Die jaarlikse skoolfonds beloop ’n verpligte bedrag per jaar, soos deur die meerderheid ouers op ’n algemene vergadering aanvaar.
- **Die eerste paaiement plus die aanvangspaaiement moet voor óf op 13 Januarie 2025 betaal wees**.
- Die oorblywende bedrag moet in 10 maandelikse paaiemente betaal word.
- Ooreenkomstig Afdeling 39 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, is die betrokke partye by hierdie ooreenkoms verantwoordelik vir die verpligte skoolgeld.
- Ooreenkomstig Afdeling 40 van die Suid-Afrikaanse Skolewet mag die skool die betaling van skoolgeld afdwing.
- Die betrokke partye by hierdie ooreenkoms onderneem om alle regskoste, insluitend die prokureurskoste/ kliëntefooie en fooie vir die invordering van skuld, wat deur die skool aangegaan word, te betaal as wetlik opgetree moet word om skoolgeld te verhaal.
- Skoolgeld is betaalbaar aan die begin van elke maand.
- As betaling nie teen die 7de van elke maand ontvang is nie, het die skool die reg om rente van 25% per jaar op al die agterstallige betalings te hef.
- Ouers 1 & 2 / voogde 1 & 2 wat nie die skoolgeld kan betaal nie, mag om staatsubsidie aansoek doen. Voltooi die nodige dokumentasie wat by die kantoor beskikbaar is.
- Voltooide vorms moet voor 28 Februarie 2025 by die skool ingelewer word.
- ALLE ouers/voogde is verplig om die aanvangspaaiement te betaal – al word kortingtoegestaan – volgens die S.A. SKOLEWET.

1.7 Ek/ons onderneem om skriftelik kennis te gee as ek/ons my/ons kind uit die skool haal. Alle boeke of toerusting wat aan die skool behoort, sal aan die skool terugbesorg word.

1.8 Ek/ons gee toestemming dat my/ons kind aanleg- en psigometriese toetse wat deur die onderwysdepartement goedgekeur is, as deel van ’n groep mag aflê. (Ouers is verantwoordelik vir die koste hiervan.)

1.9 Ek/ons bevestig dat my/ons kind die skool getrou sal bywoon en slegs om mediese redes afwesig sal wees. Ek is bewus dat die leerder by vier (4) geleenthede verplig gaan wees om skoolfunksies by te woon. Sien die jaarbeplanner.

1.10 Ek/ons is bewus daarvan dat die skool die reg het om alle inligting wat deur middel van hierdie aansoekvorm aan hulle te verskaf is, te verifieer. Indien vervalste dokumentasie ingegee is, mag die skool ’n kriminele klag teen die partye van hierdie aansoek lê.

1.11 Ek/ons aanvaar verantwoordelikheid vir die immunisering van my/ons kind soos deur die wet bepaal teen aansteeklike siektes en infeksies en sal bewys daarvan lewer as daartoe versoek word.

1.12 Ek/ons aanvaar verantwoordelikheid vir die leerder se vervoer na en van die skool.

1.13 Ek/ons onderneem om die graadhoof van die leerder se afwesigheid van die skool in kennis te stel. Ouers 1 & 2 / voogde 1 & 2 onderneem om ’n doktersbrief te toon as dit benodig word, veral in geval van toetse/eksamens.

1.14 Ek/ons onderneem om die skool se grondwet en toelatingsbeleid, soos deur die bestuursliggaam van die skool opgestel en uitgevoer, te onderskryf.

1.15 Ek/ons is bewus daarvan dat die **volgende oortredings** in skooldrag of waar die leerder die skool verteenwoordig, mag lei tot ’n **summiere tugverhoor**: Rook, drank, dwelms, betrokkenheid by pornografiese materiaal, aanranding (dreigemente en die besit van enige gevaarlike wapen), diefstal, skoolontduik en disrespekvolle gedrag teenoor ’n personeellid onder geen omstandighede toegelaat sal word nie.

1.16 ’n **R100 boete** sal gehef word, indien ’n **leerder** met ’n **selfoon** in die **akademiese klas, op die stoepe of tydens wisseling betrap** word. Die foon sal gekonfiskeer word en in die kluis toegesluit word, totdat die boete betaal is.

1.17 **Swangerskap** word in ’n baie ernstige lig gesien. Gevalle sal by die Suid Afrikaanse Polisie (Familiegeweld, kinderbeskerming en seksuele oortredings) aangemeld word.

1.18 Hierdie ooreenkoms is in geheel geldig vanaf die dag wat dit deur die ouers 1 & 2 / voogde 1 & 2 onderteken is tot die dag wanneer die leerder die skool verlaat.

AFDELING 2

2.1 AFWESIGHEDE

Die afwesigheid van leerders word op ‘n daaglikse basis en volgens ‘n bepaalde stelsel gekontrolleer. Leerders wat afwesig is, moet self toesien dat hulle agterstallige werk inhaal. Ad hoc-reëlings word getref wanneer ‘n leerder weens onvermydelike omstandighede, soos siekte, vir lang tydperke afwesig is. In geval van afwesigheid weens onvermydelike omstandighede moet die graadhoof ingelig word.

2.2 UITTEKEN VAN LEERDER - PROSEDURE

- **Die leerder se dagboek** (toestemming om terrein te verlaat moet deur die **hoof/adjunkhoof geteken** word (Dit moet gedurende **voogperiode afgehandel** word).
- Indien **iemand anders** as die ouers/voog die **leerder kom haal**, moet die ouer die skool **toestemming** gee deur middel van ’n **brief** wat aan **die hoof/adjunkhoof** gerig, is.
- As die leerder die **dokter besoek**, moet ’n **mediese sertifikaat/kliniek brief** van die dokter by die skool ingehandig word.
- **Doktersbesoeke** moet liefs vir die **namiddag** gereël word.
- **Geen leerders mag self hul ouers/voogde kontak nie.** Hulle moet by die algemene **kantoor aanmeld**, sodat die admin dames die ouers/voogde kan skakel of toestemming verleen dat hulle self hul ouers/voogde mag skakel.
- **Geen leerders word op Vrydae verskoon, omdat ouers/voogde “VROEG WIL RY”nie.**

AFDELING 3

Eksamenreëlings kan wissel van eksamen tot eksamen a.g.v. riglyne wat deur die departement neergelê word en protokol in die geval van ’n pandemie.

RIGLYNE TYDENS DIE EKSAMEN
Die leerders moet kennis neem van die volgende:

3.1 Gewone skoolreëls geld tot op die laaste dag.

- Geen leerder sal op die laaste dag vroeër kan skryf nie.
- Leerders wat eksamen ontwrig, sal departementeel aangemeld word en 0% vir die betrokke vraestel kry. Die insident sal dan ook verwys word na die skool se SAIC-komitee.
- Leerders wat oneerlik is of elektroniese toestelle by hul het tydens die skryfsessie, kry 0% vir die vraestel, soos voorgeskryf deur die departement.
- Leerders wat afwesig is, sonder ’n mediese sertifikaat /kliniek brief, kry 0% vir die vraestel soos voorgeskryf deur die departement.

3.2 ALGEMEEN:

- Tasse word voor in die klas gesit tydens die eksamensessie.
- Selfone **moet af** wees en in leerder se tas gebêre wees.
- Geen musiek mag geluister word nie – geen oorfone nie.
- Geen speletjies mag gebring word nie – slegs leerwerk.
- Leerders moet notas en alle aantekeninge saambring, sodat hul kan leer indien handboeke ingeneem word.
- Skryfbehoeftes MAG NIE oor en weer geleen word nie – maak seker dat die leerders ALLE skryfbehoeftes wat benodig word het, soos sakrekenaars, liniale, gradeboog ens.
- Slegs skryfbehoeftes wat benodig word om mee te skryf, mag op die lessenaar wees. Pennesakkies en enige ander skryfbehoeftes moet in tasse wees.

AFDELING 4

TOELATING VAN LEERDERS VAN ANDER HOËRSKOLE

Die beheerliggaam behou die reg om die toelating van leerders tot die skool te heroorweeg op grond van die volgende redes:

4.1 Die leerder ’n rekord by sy vorige skool het, wat meebring dat huidige leerders benadeel mag word deur sy/haar teenwoordigheid.
4.2 ’n Leerder drie of meer jaar ouer is as die normale ouderdom vir die graad/groep.
4.3 ’n Leerder wat reeds in graad 12 was en ’n graad 12-sertifikaat het.
4.4 ’n Leerder wat vir die tweede keer in ’n fase druip.
4.5 ’n Leerder wat nie al sy/haar deurlopende Assessering op datum het nie en geen portefeuljelêers vir die vak het nie.
4.6 ’n Leerder sonder ’n oorplasingsertifikaat van die vorige skool.
4.7 ’n Leerder met ’n kriminele rekord van dwelms.
4.8 Die hoof, as bestuurder van die skool, kan ’n spesifieke geval onder die Bestuursliggaam se aandag bring.
4.9 Indien die hoof twyfel oor toelating moet hy/sy die skoolbeheerliggaam kontak en die kandidaat se aansoek tydens ’n vergadering bespreek en finaliseer. Die aansoeker se ouers/voogde sal dan telefonies van die SBL se besluit in kennis gestel word.
4.10 Leerders mag die skool geweier word, indien die skool reeds vol is. Verskillende riglyne geld vir verskillende vakke, bv. Tegniese vakke, Gasvryheidstudies en RTT het beperkings.

AFDELING 5

VERKLARING, ONDERNEMING, TOESTEMMING (ALLE LEERDERS)

5.1 Ek, die ondergetekende, **VERKLAAR** -

- dat al die inligting deur my in hierdie aansoekvorm verskaf, en alle dokumentasie deur my by die aansoek aangeheg, na die beste van my wete volledig en korrek is;
- dat ek my deeglik vergewis het van die volledige inhoud van die skool se toelatingsbeleid, gedragskode en taalbeleid op grond waarvan toelating gebaseer word.
- dat ek begryp en aanvaar dat toelating van die betrokke leerder onderworpe is aan die bindende onderneming deur my in paragraaf (5.2) hieronder gegee.

5.2 Ek, die ondergetekende, **ONDERNEEM**

- dat ek die skool skriftelik en binne ’n redelike tyd in kennis sal stel, indien my adres en/of telefoonnommer verander of indien enige wesenlike feit wat die skoolbywoning van die leerder raak, intree;
- dat ek die skool skriftelik en betyds in kennis sal stel van enige aansteeklike siekte van die leerder of ’n ander persoon in die huishouding waarvan ek deel is;
- dat ek alle redelike stappe sal doen om te verseker dat die betrokke leerder die skool bywoon op al die dae wat hiervoor bepaal is;
- dat ek ten alle tye alle redelike stappe sal doen om te verseker dat die betrokke leerder alle bepalings van die skool se gedragskode stiptelik nakom of daaraan voldoen;
- dat indien die leerder toegelaat word en ek skoolfonds moet betaal, ek die dokumentasie in hierdie verband deur die skool voorberei, sal onderteken en die skoolfonds sal betaal soos daarin onderneem word (ingesluit die aanvangspaaiement);
- dat ek die leerder uit die skool sal neem, indien toelating op grond van ’n wesenlike wanvoorstelling verkry is of indien voorlopige toelating nie bekragtig word nie;
- dat die leerder se taalregte in die skool volgens die skool se taalbeleid uitgeoefen sal word.

5 .3 Ek, die ondergetekende, **verleen hiermee TOESTEMMING dat die betrokke leerder** aan al die **goedgekeurde buitemuurse aktiwiteite** van die skool, insluitende **toere** en **uitstappies** van ’n opvoedkundige aard, mag deelneem.